Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Forrer SE WYNE

# Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Forrer SE WYNE

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 13 SEPTEMBER 1944. No. 43.

# Eerste Skof van Demokratiese Vyfjaarplan Agter Die Rug

## Aflewering van Beloofde 30,000 Huise?

**Eerskomende Saterdag sal waarskynlik 'n dag van groot feestelikheid wees vir die demokratiese regering. Op hierdie dag hoop die volk om die eerste paaiement van 'n vyfjaarplan vir die bou van tienduisende wonings in ontvangs te kan neem. Dit sal dan presies 'n jaar gelede wees dat min. H. G. Lawrence die grootse skema van stapel gestuur het. Presies 'n jaar gelede het hy die fondamente van 30,000 huise gelê met die volgende woorde: „Die regering het besluit om 'n kragdadige behuisingsbeleid aan te pak. Die voorlopige mikpunt is die oprigting van 30,000 wonings in die loop van die volgende twaalf maande.**

Hierdie 30,000 huise behoort dus aanstaande Saterdag met groot gebaar beskikbaar gestel te word aan die duisende burgers wat smag na 'n onderdak. Dit behoort tewens ook van groot propaganda-waarde vir die heersende party te wees, sodat mens kan verwag dat die aflewering met trompetgeskal aangekondig sal word.

In tussen ag ons dit ons plig om diegene wat tans in stalle en motorhuise herberg vind, voor te berei vir 'n klein teleurstellinkie. Die groot demokratiese plan het nie heeltemal gevlot soos verwag is nie. Groot offensiewe in die buiteland het dit nodig gemaak dat ons land se sement uitgevoer moes word na Engeland en Stalin se oorlogsfronte. **Toe die vyfjaarplan agt maande oud was, het die helfte van die dertigduisend huise waarskynlik nog op die waglys gestaan.** Op 22 Mei het min. Lawrence naamlik aangekondig dat daar 15,000 huise „in die loop van die volgende twaalf maande" gebou sal word. Om 20 maande te wag vir 30,000 huise mag 'n bietjie ongerieflik wees, maar dit sal niks afdoen aan die dankbaarheid van die volk nie. Aangesien eenderde van die opnuut aangekondigde twaalf maande nou verstreke is, kan die volk darem reken op nog 'n 5,000 huise wat sedert Mei toegevoeg is tot die 15,000 wat toe voltooi was. **Ons kan dus Saterdag 20,000 huise van Minister Lawrence se Vyfjaarplan in ontvangs neem. Inderdaad iets om oor bly te wees!**

Laat ons ons lesers nou maar ten volle inlig: **Dit SOU 'n saak van blydskap gewees het indien Suid-Afrika onder 'n gesagstaat gestaan het waar die regering dinge aanpak in belang van die volk, waar daar nie met WOORDE gebou word nie, dog met dade. Maar Suid-Afrika staan onder die plak van 'n demokratiese bewind waarin daar nie gewerk word nie, maar gewerf word (na stemme). En wanneer dit net op werwery afkom is 'n woord miskien van net soveel belang as 'n daad — en dit is ten minste heelwat goedkoper.**

Moet dus nie huise verwag nie, want van die 30,000 huise wat op 16 September 1944 afgelewer sou word, **is daar nog nie eens 'n fondament vir een gelê nie.** Op 12 Julie — twee maande gelede — het min. Lawrence aangekondig: „'n Nasionale behuisingskema van £8,000,000 binne die volgende twaalf maande word nou deur die regering as MOONTLIK beskou na raadpleging met die Adjunk-boukontroleur".

**Toe hy 'n jaar gelede dus aangekondig het van sy grootse skema, het hy nog nie eens by sy Adjunk-boukontroleur gaan uitvind of dit moontlik sou wees nie. Dit het egter ten volle beantwoord aan min. Lawrence se doel — sy party het die verkiesing 'n maand daarna gewen.**

**Politieke partye is net besorg om aanbewind te kom, en nie oor die volk nie. Hoe mooier die beloftes van 'n party, hoe groter die bedrog.**

In 'n Gesagstaat daarenteen word 'n saak na kort beraad aangepak en deurgevoer, want hier gaan dit nie oor groen kussings wat verower moet word nie, **maar oor 'n volk in wie se belang daar geregeer moet word. So 'n staat wil die Ossewabrandwag bring.**

## VERDERE BEDRAE VAN O.B.-DAGVIERINGS

Opgawes in verband met O.B.-dagvierings handhaaf nog steeds die peil van die eerste opbrengste hierdie jaar. Daar was nog verdere berigte van drie- en selfs vyfvoudige vermeerderings. **Excelsior,** in die Vrystaat, het by voorbeeld sy opbrengs opgeskuif van £20 verlede jaar tot £107, terwyl **Ventersburg** byna 'n verdriedubbeling toon. Die viering van Excelsior het in die stadsaal plaasgevind en is geopen deur genl. Hendrikz. Baie nie-lede het hul ondersteuning gegee.

**Winburg** het oor die £200 ingesamel, en **Memel** £204. **Hertzogville** se kommando's het groot offervaardigheid aan die dag gelê en die dag is afgesluit met £61 wins.

**Bethlehem** se opbrengs was £82 vergeleke met £40 verlede jaar, en **Hoopstad** £70 vergeleke met £40 die vorige jaar.

Van oral word berig dat die geesdrif besonder groot was, soos dan ook deur die pragtige opbrengste weerspieël word.

**NATAL**

Op **Helpmekaar** het die Brandwagte hul prestasie van verlede jaar oortref tenspyte van baie ongunstige weersomstandighede, en 'n H.N.P.-vergadering in die omgewing. Die mooi bedrag van £86 is ingesamel.

Die kommando's van **Newcastle** het in besonder presteer deur die insameling van £90, **wat driemaal meer is as hulle opbrengste verlede jaar.**

Albei funksies is bygewoon deur genl. Dannhauser en genl. Grobler van die Rand. 'n Vergadering te Normandien is ook verder bygewoon deur gebiedsgeneraal Tos Pienaar. Verskeie lede van die Gryshempbeweging was aanwesig en 'n baie goeie gees het deurgaans geheers.

## WERK NOU AL

Uit Ohrigstad word berig dat die opbrengs vanjaar aansienlik hoër is as dié van verlede jaar. **Onder leiding van die ywerige kommandante het die lede besluit om al dadelik te begin werk vir aanstaande jaar. Alle vrye tyd sal bestee word aan die vervaardiging van artikels uit afvalmateriaal.** Ook met die gereelde vergaderings word tyd afgesonder vir naaldwerk met die oog op O.B.-dag. Reeds vanjaar kon die vroue spog met pragtige goed, terwyl die Boerejeugtafel belaai was met baie mooi tuisgemaakte speelgoed.

## GEE BOETE VIR O.B. EN GAAN TRONK-TOE

**„Ondanks voortdurende belastering van die Ossewabrandwag deur huigelaars, skynheiliges en politieke smouse, verkies ek om in plaas van die boete in hierdie saak te betaal, liewer die gevangenestraf uit te dien en 'n bedrag gelykstaande aan die boete in die fondse van die Ossewabrandwag te stort."**

**Met hierdie woorde het mnr. Gustaav van Zyl van Theunissen op 22 Augustus tronkstraf op hom geneem toe hy met £2 of vier dae gevangenestraf gevonnis is weens wanbetaling van persoonlike en spaarbelasting ingevolge die belastingwet van 1942.**

**Hoed af vir so 'n offervaardigheid!**

## 440,000 HUISE NODIG

**In 'n toespraak voor die Durbanse Rotariërs het die behuisingsdirekteur, dr. E. J. Hamlin, gesê dat behuising in die Unie 'n groter probleem is as in enige van vyftien lande wat hy besoek het. Daar is 15,000 wonings nodig om agterbuurtes op te ruim, en in die volgende elf jaar sal 440,000 huise in die Unie gebou moet word.**

## KOMMUNISTE WEN

**Met die stadsraadsverkiesings verlede week in Kaapstad het die Kommunistiese Party weer twee oorwinnings behaal, terwyl 'n derde kandidaat die derde hoogste aantal stemme wat in enige wyk uitgebring is, getrek het.**

## BOEREJEUG WAKKER IN NATAL

Op Vrydag, 28 Julie, het die Boerejeug van Natal hulde aan die Voortrekkers gebring by wyse van 'n kranslegging op die grafte van 'n paar Voortrekkers op die plaas Zarana van hfkmdt. J. D. van Coller. Jeugkomdt. A. G. Dannhauser en veldkt. P. van Coller het die verrigtinge geopen, waarna die stoet onder leiding van hfkomdte. J. D. van Coller en I. van Rooyen na die kerkhof is. Genl. D. J. Dannhauser het met skriflesing en gebed voorgegaan, waarna die kranse gelê is deur oom Koos Grové, komdte. Nantie Dannhauser en klein Albert Eicher. 'n Toespraak is gehou deur oom Attie Spies, waarna afgesluit is met Die Stem.

**Die middag het die Boerejeug 'n funksie ten bate van die Noodhulpfonds gehou wat die pragtige bedrag van £37-6-4 opgelewer het. By hierdie geleentheid is ook 24 nuwe seuns en dogters by die Boerejeug ingelyf.**

Hfkomdt. Van Rooyen wat as spreker opgetree het, het 'n beroep op die ouers gedoen om hul kinders na die Boerejeug te stuur waar hulle in die geleentheid gestel word om hul volk te dien. Die verrigtinge is afgesluit met 'n dankwoord deur veldkt. M. Meintjies en die sing van die Volkslied. — (Ingestuur).

## £2 VIR 1945.

Die kenmerk van die Ossewabrandwag is dat hy dwarsdeur die jaar volhardend werk en nie net elke vyf jaar soos in die partypolitiek nie. 'n Mooi voorbeeld hiervan vind ons by mev. H. A. Mackay van Nuwelande wat reeds £2 vir O.B.-dag 1945 ingewerk het. Sy het haar huiswerk vir 'n maand lank self behartig en die geld vir die O.B. afgesonder.

## VERJAARDAGVIERING

**Die tradisionele viering van die K.G. en Adjunk-K.G. se verjaardae (24 en 4 Sept. onderskeidelik) vind plaas in die Paarlse stadsaal op 19 September om 7.45 nm.**




JOHAN HEFER

BINNE 10 DAE

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.

- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam ..............................................

Adres ..............................................

..............................................

# Wie Sal In 1960 Regeer ?

Die man wat nie uit die lesse van die verlede wil leer nie, het weinig hoop op 'n toekoms. Dit is daarom van belang dat ons volk 'n bietjie die verlede in oënskou neem en hom afvra met watter organisasie en met watter metodes hy homself in die volgende geslag gaan probeer handhaaf; gaan hy die ou partypolitieke weg van die verlede waarmee hy nog bloedweinig bereik het, verder uittoets, of gaan hy iets nuuts aanpak wat meer in ooreenstemming met sy aard en omstandighede is?

Toe die vorige wêreldoorlog sy einde bereik het, was die Suid-Afrikaanse Party onder leiding van genl. Smuts aan die bewind en hy het aan die bewind gebly totdat die ekonomiese gevolge van die oorlog hom ses jaar later tot 'n val gebring het. **Tien jaar daarna het alle tekens daarop gedui dat genl. Hertzog se party nie weer die paal by 'n verkiesing sou haal nie, want dit is nou eenmaal die beloop van die partystelsel dat geen party op eie krag meer as twee verkiesings oorlewe nie. In die veertig jaar tussen 1864 en 1904 het Engeland, moederland van die partypolitiek, tien regeringsveranderings belewe, d.w.s. elke vier jaar 'n nuwe bewind, en 'n land soos Portugal het in die sestien jaar voor die staatsgreep van 1927 wat die demokrasie daar beëindig het, meer as VEERTIG veranderings van regering ondergaan — d.w.s. byna drie regerings elke jaar. Dit is die rotasie van die partypolitiek—onafwendbare opeenvolging van partye soos die getye van die see.**

Met so 'n stelsel dan, bly 'n party — maak nie saak watter mooi naam hy dra nie — nooit langer as twee verkiesings aan bewind nie, en so was dit ook die geval met genl. Hertzog. **'n Versiende staatsman soos hy is deur hierdie ingevoerde stelsel belet om sy volk langer as tien jaar te dien tensy hy bereid was om 'n kompromis aan te gaan met georganiseerde groepe wat 'n ander beleid verkondig het as hy.** Maar selfs hierdie tydelike noodmaatreël kon nie verhoed nie dat genl. Smuts vyftien jaar ná genl. Hertzog se bewindaanvaarding die teuels net betyds kon oorneem om Suid-Afrika in 'n nuwe oorlog te dompel. Op 4 September 1939 het Suid-Afrika die bedroewende gevolge van partypolitieke onbestendigheid aanskou toe 'n groep vreemdes in staat gestel is om die septer te swaai oor en teen die wense van die ou bevolking.

**VOLGENDE OORLOG**

Die geskiedenis bewys dat daar omtrent elke geslag 'n oorlog uitbreek. Elke vyftien, twintig jaar is daar 'n nuwe oorlog — kyk maar na ons eie geskiedenis sedert 1881. Geen geslag groei op sonder 'n vuurdoop nie. **Ons moet dus rekening daarmee hou dat Suid-Afrika oor vyftien, twintig jaar weer voor die keuse van 'n oorlog gestel sal word. Indien 'n nasionale party binne die volgende jare aan bewind kom, beteken dit dat hy by die uitbreek van die volgende oorlog net mooi weer uit die saal gelig sal wees deur 'n ander party. Dan sal die Afrikanervolk weer net soos in 1939 deur 'n uitlandse partykombinasie in 'n oorlog gestoot word. Dit, altans, sal die geval wees as ons met die demokratiese partypolitiek wil voortboer.**

Hierdie toekomstige bedreiging kan alleen afgeweer word as ons volk na hierdie oorlog nie weer sy toevlug tot die partystelsel neem nie, maar tot sy volksbeweging wat 'n duursame regering in die hande van die volk gaan stel. **Alleen op die grondslag van 'n nasionale gesagstaat waarbinne die hele volk tot 'n eenheid georganiseer is, lê die waarborg dat ons nie weer oor vyftien, twintig jaar aan vreemdelinge uitgelewer sal word nie. Daarvoor is nodig 'n onvoorwaardelike wegbreking van die partypolitiek met sy vier- of agtjaarlikse wisselgang. Ons volk staan voor die onverbiddelike keuse om te kies tussen sy selfbeskermende gesagstaat en die vreemdeling-beskermende partystelsel. Hy moet kies tussen volksbeweging en politieke party.**

# Die Oorlog: Honger en Koue

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Daar is onder hierdie rubriek reeds dikwels daarop gewys dat 'n oorlog, veral 'n totale wêreldoorlog soos die huidige, geensins bloot 'n militêre aangeleentheid as sodanig is nie. Terwyl die oorlog in Europa, afgesien van die Balkan, sy blitsvinnige karakter van die laaste maande verloor het, en die tonne landkaarte van Duitsland wat per vliegtuig na genl. Patten gestuur is omdat sy voortmars so snel was, gerus maar per vragmotor kon geekied het, is dit ter sake om by enige van die baie nie-militêre aspekte van die oorlog ietwat te vertoef. Dit is onnodig om daarop te wys dat dergelike nie-militêre aangeleenthede tot die oorlog self in baie enge samehang kan staan.

### Die „Bevryde" Italië.

Europa staan vandag op die vooraand van sy sesde oorlogswinter. Die verskrikkings van honger en koue sal binnekort in die hele Europa op die voorgrond tree. Daar is waarskynlik min Europese lande wat so erg ly en binnekort nog meer sal ly as Italië. Die kapitulasie van hierdie land onder Badoglio en die koning 'n jaar gelede — intussen het sowel Badoglio as koning Immanuel van die toneel verdwyn — het blykbaar nie die verskrikkings van honger en koue vir die Italiaanse volk verminder nie. Italië het nie alleen n' slagveld geword nie, maar die vreeslike ontwrigting van die oorlog ten opsigte van produksie, distribusie en verkeer moet die volk sowel as die besettingsmoondhede voor geweldige probleme stel.

Dit is bekend dat Italië maar altyd 'n arm land was. Vir sy steenkool en voedselvoorrade was hy grotendeels van die buiteland afhanklik. Selfs die lofwaardige binnelandse hervormings van 'n Mussolini kon van Italië geen ryk land maak nie. Die toeristeverkeer, een van sy vernaamste bronne van inkomste, is deur die oorlog vernietig. Die steenkool en voedselvoorrade wat hy uit Sentraal-Europa en die vrugbare Donou-bekken ontvang het, kom nie langer in die „bevryde" deel van Italië aan nie. Onder huidige omstandighede sal Italië dus sy voedsel en steenkool hoofsaaklik van die Angel-Saksers moet ontvang. Dit is te betwyfel of Amerika en Brittanje, wat self spaarsaam met hul eie steenkoolvoorrade moet huishou teneinde in eie behoeftes te voorsien, hierdie nodige brandstof in enigsins voldoende hoeveelhede aan Italië kan verstrek. Dieselfde geld ook in sekere mate vir die voedselvoorsiening van Italië. Buitendien sal dit ook aan die nodige skeepsruimte ontbreek, veral nou dat die Geallieerdes groot leërs op die Europese vasteland het wat in toenemende mate hoë eise aan die eie skeepvaart gaan stel.

'n Mens kan dus slegs die kop skud oor die jongste berig uit Rome van die korrespondent van die Londense Times waarvolgens die bevolking van die Italiaanse hoofstad drie van hul vier sogenaamde „demokratiese vryhede" herwin het, nl. die vryhede van vrees, spraak en godsdiens. Die vierde vryheid, nl. die vryheid van gebrek en leed is nog buite die bereik van die bevolking van Rome. Aldus die korrespondent van die Londense Times in Rome. Die vraag skyn geregverdig of 'n hongerende en bibberende volk wel vry van vrees kan wees. Dit is ook twyfelagtig of 'n dergelike volk veel waarde aan die sogenaamde „demokratiese vryhede" sal heg. Dit lyk waarskynliker dat hy sy huidige toestand met dié van enkele jare gelede sal vergelyk en dat sy vergelyking nie ten gunste van eersgenoemde sal wees nie.

### Die Ander „Bevryde" Lande.

Ook die ander „bevryde" lande soos Frankryk, Roemenië, Bulgarye en Finland sal waarskynlik die komende winter met besorgenis tegemoet gaan. Dit is immers twyfelagtig of die „bevrydende" Russiese leërs in Roemenië en Bulgarye meer voedsel sal invoer as wat hulle verteer of na Rusland uitvoer.

Die toestand van die „bevryde" Frankryk gaan veral moeilik wees. Hierdie deur die natuur begunstigde vrugbare en ryk land het gedurende die afgelope vyf jaar twee verwoestende veldtogte en 'n langdurige vreemde besetting deurgemaak. Sy toegangshawes is vernietig, sy verkeerstelsel is ontwrig en sy hele nywerheidstelsel sal hom moet reoriënteer en reoganiceer. Die heropbou onder hierdie omstandighede en met 'n wêreldoorlog nog aan die gang, gaan geen gemaklike wees nie.

Met die oog op die deur die oorlog verslegte distribusie- en versorgingstelsel sal dit waarskynlik veral die stedelike bevolkings van die „bevryde" Europa wees wat hierdie winter met honger en koue gaan kennis maak. 'n Stedelike bevolking, veral as hy hongerend en bibberend is, is altyd meer vatbaar vir rewolusionêre idees as die behoudingsgesinde plattelandse bevolking. Daar is op die oomblik in Frankryk veral maar ook in ander „bevryde" en „onbevryde" lande genoeg brandstof vir broedertwis en rewolusie en miskien selfs vir algemene chaos. Honger en koue kan, soos in die verlede, die bodem vrugbaar vir rewolusie en chaos maak, 'n chaos waaruit iets nuuts gebore mag word. 'n Volgende keer meer hieroor.

## VISBOTE VIR OORLOG

In Kaapstad heers daar 'n groot skaarste aan vis. Mense wat graag die vleishonger wil verdryf met 'n stukkie vis, bevind hulle ook hier voor geslote deure. **Vissers verklaar dat die oorsaak daarvoor is dat die regering die oorgrote meerderheid skepies wat met visvangs belas was, opgevorder het vir oorlogsdiens.**

## WAKKER BOEREJEUG OP MALMESBURY

'n Oulike metode van geldinsameling is deur die ywerige Boeredogters van Malmesbury aangewend: 'n Aantreklike geborduurde kussing is onder belangstellendes gesirkuleer, tesame met 'n bottel gevul met 'n mengsel bruin en wit boontjies. Vir 1/- kon persone die aantal bruines en wittes raai. Die wenner sou 'n besit kom van die kussing. £5-5-0 is so vir die Noodhulpfonds ingesamel. Esmie van der Merwe, een van die Kleingoed het alleen £3 ingesamel. Met 'n vrymoedigheid, heel besonders vir sy ouderdom, het hy almal bygedam afgesien van kleur of beleid.

Klein Hilda Lombard het op vyfjarige leeftyd 'n verdere 4/- verdien deur vir haar pa tee weg te bring. Haar weeklikse belonings het sy opgespaar hiervoor.

Op 21 Julie is 'n basaar gehou deur die Boereseuns en -dogters gesamentlik. Daar was 'n besonder goeie handwerk-tafel, saamgestel uit produkte van afvallappies. Die aanwesiges is op geurige boerekos onthaal en pannekoek was gedurig in aanvraag. £7 is van die handwerktafel alleen gemaak. Altesaam is ongeveer £20 gemaak. (Ingestuur).

KOMMISSIE-AGENTSKAP

LAAT U MEDE-BOERENDE-BOERE SE YWERIGE KOMMISSIEAGENTSKAP, DIE

VOLKSKOPER MARK

Beperk,
Wolhuterstraat 62,
NEWTON JOHANNESBURG,

U PLUIMVEE, EIERS, LEWENDEHAWE, VRUGTE EN ALLE ANDER SOORTE PRODUKTE VIR U VOORDELIG VERKOOP.

Leuse — „DIENS."

O.B.-SKRYFBLOKKE

met 2 pakkies bypassende koeverte.

DIE BESTE GEHALTE VOOR-OORLOGSE PAPIER.

3/6 posvry.

KONTANT MET BESTELLING.

Bestel deur:

Gebiedshoofkwartier
Kamer 603, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

VERJAARDAGVIERING

*Die Geboortedae van ons*

*KOMMANDANT-GENERAAL*
(DR. J. F. J. VAN RENSBURG)
en ons
*Adjunk-Kommandant-Generaal*
(MNR. J. A. SMITH)
word gevier in die
STADSAAL, PAARL
op die *19de SEPTEMBER 1944* om 7.45 n.m.

Alle Kommando's van omliggende Generaalskappe word versoek om alle pogings aan te wend om teenwoordig te wees.

KOM LUISTER NA BOODSKAPPE VAN ONS KOMMANDANT-GENERAAL EN ONS ADJUNK-KOMMANDANT-GENERAAL.

Kollekte sal opgeneem word en as geskenk aan die K.G. oorhandig word om in die Noodhulpfonds-kas te stort. Almal word versoek om mildelik by te dra.

*Die O.B. Veg aan die Arbeidsfront.*

Hier, met die Rand as middelpunt, word oor ons Volkstoekoms beslis.

*LEES*

die eerste Afrikaanse boek oor

**Die Stryd van die Afrikanerwerker**

(in die afgelope 60 jaar)

*deur*

*DR. P. J. MEYER (wnde. O.B.-Arbeidsleier).*

Om die Afrikaner-sosialistiese strewe van die O.B. volledig te verstaan, moet u weet van die botsende strominge in die arbeidswêreld.

Prys 2/6 posvry. — Bestel van:

PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,
Posbus 4892, JOHANNESBURG.

# Groot Hoeveelhede Voedsel Word Uitgevoer Sê Minister

Op 'n verkiesingsvergadering verlede week in Germiston het mnr. J. G. N. Strauss, Minister van Landbou, gesê dat Rhodesië taamlike hoeveelhede aartappels na die Unie uitvoer en binnekort sal nog groter voorrade uit Kenia ingevoer word. **„Die oorlog het geweldige eise aan die Unie se voedselproduksie gestel, en groot hoeveelhede voedsel is uitgevoer,"** het die Minister onnadenkend daarop laat volg.

Die onverantwoordelike gepeuter met die volk se kos, waar die een dag alles uitgevoer word vir Stalin se oorlog en die volgende dag honger gely word om die dag daarna kos uit ander lande in te voer, laat 'n mens dink aan die swaap wat uitvind dat sy toutjie te kort is en gevolglik 'n stuk agter afsny om dit voor aan te las. Maar wat kan jy anders verwag van 'n regeringstelsel wie se taak dit nie is om te regeer nie, maar om verkiesings te veg? **Onder die demokratiese stelsel met sy partypolitiek kry jy in die regering net deskundiges op een gebied — politici wat die kuns verstaan om hul party aan bewind te kry. In die eenheidstaat van die Ossewabrandwag daarenteen sal die regering saamgestel word uit deskundiges op die verskillende gebiede van die lewe. 'n Boer of landboudeskundige sal by voorbeeld hoof van die landbou wees en nie 'n advokaat nie.**

Mnr. Strauss het sekere syfers gegee in verband met die Unie se uitvoer van voedsel. Hy het dit onder twee hoofde gedoen, een as uitvoer en die ander as „militêre benodighede" wat die land uitgestuur is.

**In die twee jaar 1942 en 1943 is daar 58,390,000 pond vleis die land uitgevoer, 5,932,000 pond botter, en 49,560,000 pond aartappels.**

**Aan „militêre benodighede" is verder uitgevoer 80,000,000 pond vleis, 13,000,000 pond botter, 6,500,000 pond kaas, 94,000,000 pond aartappels.**

Hierdie openbaarmaking van 'n skrikwekkende proses van uithongering het die Minister op die vooraand van 'n tussenverkiesing gedoen om te spog met die Unie se oorlogsbydrae. „Nie alleen het die Unie in militêre hoedanigheid 'n groot bydrae tot die oorlogspoging gelewer nie, **maar hy het ook 'n geweldige rol in die produksie van voedsel vir oorlogsgebruik gespeel. Die Unie het 'n geweldige hoeveelheid bygedra, maar nie, AS HY VERSIGTIG IS, in so 'n mate dat hy homself tekort gedoen het nie.**

Alles hang, volgens die Minister se eie toegewing, af van die sin: „as hy versigtig is".

**Wanneer daar reeds so 'n tekort in ons groot stede aan lewensmiddele is dat die regering die volk moet troos met aartappels wat uit Kenia ingevoer staan te word en rys uit ander afgeleë dele van die wêreld, bewys dit slegs dat daardie „versigtigheid" waarvan ons redding afhang, geheel en al ontbreek. Ons volk aanskou 'n aaklige voorbeeld van demokratiese wanbestuur. En hierdie toestand is moontlik gemaak deur die partystelsel wat 'n groep vreemdelinge met buitelandse lojaliteit in staat gestel het om die landsbestuur oor te neem.**

### EIERS WEGGEHOU UIT VOLK SE MOND

Die Voedselkontroleur sit opgeskeep met 'n paar miljoen eiers wat in die afgelope maande van skaarste op die mark moes gewees het, maar nie daar beland het nie. Dit wil voorkom of die demokrate wanneer hulle gesagstaat probeer speel, 'n soort van koelkamer-kompleks ontwikkel. In plaas dat produkte in volop tye van die boer teen 'n redelike prys gekoop word vir opgaarding in koelkamers om in tye van skaarste weer vrygestel te word ten einde uiterstes van skaarste en oorvloed te voorkom, d.w.s. te sorg vir egalige distribusie dwarsdeur die jaar, word die koelkamers gebruik as 'n instrument om 'n goeie mark — in kapitalistiese sin — te handhaaf. Dit bly maar nog 'n instrument vir „prysreëling" in plaas van 'n voedseldépôt. Die koelkamer speel in sommige opsigte dieselfde rol as die sloot vir die lemoenboer. Dit moet produkte uit die mond van hongerlydendes hou terwille van goeie markpryse.

**Vir die Ossewabrandwag is die voeding van die volk die belangrikste oorweging. Die klem word gelê op die VERSPREIDING van voedselprodukte en nie op die prysbeheer daarvan nie. Goeie verspreiding waarborg vanself ook lonende pryse.**

### VERKOOP VAN BOTTER BEMOEILIK

Daar heers op die oomblik 'n groot tekort aan botter. Handelaars se voorrade is om die helfte verminder. Voor die oorlog was so 'n stap nooit nodig nie; die land het genoeg botter geproduseer om in sy behoeftes te voorsien. Die regering het egter erken dat ons voedsel in belang van die oorlogvoerendes uitgevoer word. **Ons melkprodukte word dus ook uitgevoer en vir dié doel moet ons volk vir die grootste deel van die jaar feitlik sonder botter en kaas klaarkom.**

Nou gebeur dit egter dat die boere self botter maak en blykbaar nie hul room na die fabrieke stuur nie. Hulle kry goeie pryse daarvoor, maar nou skrik die regering hulle af met allerhande hinderlikhede. So by voorbeeld is daar in Kaapstad chaos op die bottermark veroorsaak deur 'n aankondiging dat die regering 'n ou regulasie gaan toepas wat tweetalige omslae vir plaasbotter vereis. **Dit is duidelik dat die demokratiese metode van dwang hier toegepas word op boere om hul melkprodukte aan fabrieke te lewer. Die boer met tweetalige omslae behou sy mark en kry sy prys. Die ander word voorlopig gedwing om hul produkte teen laer pryse vir uitvoer beskikbaar te stel. Belangrikste egter is die poging wat aangewend word om die land se melkprodukte in die rigting van die fabrieke vir oorlogsuitvoer te stuur.**


MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.


Oefeninge vir
GESONDHEID
VERSLANKING
en 'n
MOOI POSTUUR
Geen Drastiese Metodes
Skryf aan:
VENUS
Posbus 9033 Johannesburg

Schoemanello Drank....
VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.


NEEM TOE IN POPULARITEIT

IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BN2274

U SAL HOU VAN ONS . . .
- Jasse
- Snyers-Baadjiepakke
- Wolbaadjies
- Velthoede

Steyns
Parow se Moderne DAMESMODISTE
Voortrekkerweg — PAROW

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:
„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."
MEER AS 200 KURSUSSE
Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.
Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U."

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.
Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.
Ek stel belang in ......................
Naam ......................
Adres ......................
(O.B., 13 Sept. 1944) ......................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE
VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG
POSBUS 3512 FOON 22-3512

# *Geklassifiseerde Advertensies*

## GEBOORTE

SCHOEMAN. — Aan Komdt. en Komdte. P. Schoeman, van Petrusburg O.V.S. 'n fris Brandwag-seun op 29 Augustus. Naas die Heer ons innige dank aan dokter en verpleegster.

RAS. — Aan Jan en Bettie (geb. Huisamen) 'n eersteling seun op 5 September. Ons dank aan God die Gewer.

MARR. — Aan mnr. en jeugveldkte E. A. Marr, van Setalie, 'n fris O.B.-seun op 11 Augustus, te Elim-hospitaal. Ons dank die Heer.

KARSTEN. — Van die Heer ontvang 'n fris dogtertjie op 10 Julie 1944. Ons innige dank aan dokter. Die dankbare ouers. Louis en Hester Karsten.

## HUWELIK

VAN NIEKERK — TRUTER: Die huwelik van Mynie van Niekerk, dogter van mnr. en mev. Ben van Niekerk van Bellville en Jeughoofkomdt. J. D. de V. Truter van Kaapstad, seun van mev. J. J. Uys, Swaziland en wyle mnr. C. F. Truter van Aliwal-Noord, is op 2/9/44 deur ds. J. D. Vorster in die Nieuwe Kerk, Kaapstad, bevestig.

## BETREKKING VAKANT

AFGETREDE Speurder.—Aansoek word hiermee gedoen vir die dienste van 'n afgetrede Speurder, of 'n persoon met speurkennis, as hulp vir privaat speurdiens. Rig aanvrae aan: **Posbus 380, Krugersdorp.**

DRINGEND benodig, 'n dame vir algemene kantoorwerk. Kennis van Boekhou 'n vereiste; tikwerk sal 'n aanbeveling wees. Moet lid van die Ossewabrandwag wees, en dienste onmiddellik aanvaar. Aanvangsalaris volgens kwalifikasies. Rig aansoeke met getuigskrifte aan: **Stafhoof, Gebied „A," Groote Kerkgebou 603, Kaapstad.**

BENODIG Hulpvoorman. Ongetroude jong man as hulpvoorman op wyn-, tabak-, ens., plaas. Aanvangsalars £7 per maand met vry losies. Persoonlike aansoek 'n vereiste. **Mnr. Leslie Fischer, Groenland, P.K. Kuilsrivier. Foon: 1203.**

## BETREKKING GEVRA

JONG Afrikaner-seun van 20 jaar soek 'n betrekking as voorman. Ondervinding van gesaaides en veeboerdery. Wil graag in veedistrik betrekking hê. Sober, eerlik en hardwerkend. Doen aansoek by **X.Y.Z., Posbus 38, Pearston, K.P.**

## BENODIG

ONGETROUDE, hardwerkende jong man as voorman. Moet sober en goedgehumeurd wees, moet deursettingsvermoë hê en taktvol met werksvolk op die plaas werk. So gou moontlik te begin. Beloning £4 per maand en een-tiende van gesaaides. Vir een jaar vry losies. **D. Steyn, Bultfontein.**

## TE KOOP GEVRA

FRIES-VERSE vanaf sesmaande oud. Enige hoeveelheid, maar kwaliteit 'n vereiste. Besonderhede en laagste prys aan **Bus 6, Devon.**

SUIG-GAS masjiene van omtrent 60 tot 90 p.k.; kompleet met gas produksietoestel. Moet in goeie werkende toestand wees. Meld prys en besonderhede aan. **P. H. van Wyk, Posbus 7, Barkly-Wes.**

## HERSTELWERK

HOEDE. — Vir kleur en herstelwerk bring u hoede na **Sylvia Thomas, Henrystraat 130, Bloemfontein.** Bestellings kan per pos gedoen word.

## PERSOONLIK

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

BOERE wil dorpenaars word, en Dorpenaars wil boere word. Nasionale Dienste, Johannesburg, bied hul dienste aan boere wat plase wil verkoop. Vir opregte en snel diens raadpleeg Nasionale Dienste, Sauergebou 18, Johannesburg. Ons het 'n magdom kopers.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

## TE KOOP

BESTEL dadelik dagoud-kuikens, Australorps, Leghorns. Ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Volgeboek tot end September. Vanaf dan 3,000 per week. £5 per 100 vanaf helfte Oktober. Vooruit betaalbaar of K.B.A. **H. R. Malan, Pk. Kerstfontein, Die Paarl. Foon 6203.**

BOEGOE. — Twee soorte, vir sekere kwale. Gesweet, 12/-; Spesiaal 15&- per pond. Antwoord geen briewe. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Rus-en-Vrede, P.K. Grootkraal, Oudtshoorn.**

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

GEREGISTREERDE Afrikaner Koeie, gemiddeld nege jaar oud. Goeie telers,het lank met geregistreerde bulle geloop. Gelewer op spoor. Navraag by: **Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

KOOP u meubels by 'n mede-Afrikaner teen billike pryse. Gratis verpakking. Skryf om besonderhede. **Springbok-Meubels, Spencerweg 18, Sout Rivier.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

OPREGTE, Chantenay en Nantes Wortelsaad, 12/- per pond. 7/- per half pond. Beste Australiese Bruin Uiesaad 6/- per pond, 4/- per half pond, gesertifiseer. K.M.B. posvry. **J. J. Spies, Premier Saadkweker, „Rust en Vrede," P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

PATATRANKE. — Gewaarborgde sesmaande droëgrondpatatranke 7/- per sak van 80 lb. Kontant met bestelling. Vry gelewer op my stasie . **Johannes Terblanche, Glencoe, Bus 75, Mosselbaai.**

PATATRANKE. — Mooi uitgespruite rooigrond ranke; kort litte, — sesmaande. Prys 7/- vir 80 pond driemaande Borrie en wit 5/- vir 40 pond. Gelewer Serpentine-Sylyn K.M.B. **J. Gerber, P/sn., P.K. Hoekwil, Dist. George.**

PATATRANKE. — Bestel Brandwag Patatranke. Sesmaande 7/- vir 83 pond. Borrie en wit 5/- vir 43 pond. Gelewer Serpentine Sylyn. K.M.B. **P. J. Gerber, (C. Sn.), Hoekwil, George.**

PATATRANKE. — Sesmaande, volsak 7/-. Gesny vir plant per 1,000, 15/-. Tevredenheid gewaarborg. Kontant geen K.B.A. **J. H. Gerber, Privaatsak Serpentine, George.**

**Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

RAMME — Merino Stoetery. — Beperkte hoeveelheid Wanganella ramme beskikbaar. Groot karkasse en wol met uitstaande kwaliteit die kenmerke. Plaas bestellings vroegtydig. Pryse vanaf £5 vir kudde. **J. H. Moolman, Rusoord, Middelburg K.P. Foon 412.**

SPEELSKEIE. — Bottelskeie teen 3/9; Vierkantige koppe 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

## WYNE

5 GELLING Muskadel-Likeur £2-12-6; anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

## PRIVAAT TE KOOP

GERIEFLIKE moderne woning (feitlik nuut) in Strand. Drie ruime slaapkamers met ingeboude kaste. Eetkamer met muurkaste, sitkamer, portaal, kombuis, spens, badkamer en stoepkamer. Warmwater-toestel, elektriese lig en krag. Twee water riolerings. Valsparvloere. Groot garage en buitekamer met water en elektriese lig aangelê. Staan op twee erwe. Doen aansoek by: **W. H. du Toit, Posbus 28, Stellenbosch.**

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660, JOHANNESBURG**

**KRISANTE** — Oktober-November planttyd.
Ons „DONOU" Versameling, glorieryke kleurskakering, uitstaande pragsoorte, 25/- per dosyn, 15/- vir 6.
Ons „OPERA" Versameling, — reuse van die vertoontafel, fraai kleure, 18/6 per dosyn, 12/6 vir 6.
Ons „LUUKSE" Versameling, fraai kleure, reusagtige blomme. 18/6 per dosyn, 10/6 vir 6.
Ons „TUIN" Versameling, pragtige soorte gesorteerd. 15/6 per dosyn, 9/6 vir 6.
AMERIKAANSE BOOMANGELIERE, pienk, rooi, salm ens., gesorteerd 10/6, 12/6, 15/6 per dosyn volgens soorte.
Kontant met bestelling.
Sierstruike, Sierbome, Heiningbome, Rose in blikke.

## *VERJAARDAGKETTING*

14 Sept.: Hester Bouermeester, Eppingtuindorp; Joan Tredoux, Malmesbury; Agatha G. C. Havenga, Maribago; Christoffel Botes, Plumstead; John Eaton, Leeukloof; Johanna Brand, Parow; Maatjie M. Louw, O'kiep;

15 Sept.: Barend Barnard, George; Wilhelmina E. de Villiers, Kaapstad; Johanna du Toit, Wellington; Susanna Magdalena Slabber, Moorreesburg; Marius de Bruyn, Kuruman; Elsie Susanna Hattingh, Lindley; Lydia Sinclair, Goodwood.

16 Sept.: Stephanus Westraat, Kirkwood; Johannes Westraad, Kirkwood; Gesina v. Greunen, Kirkwood; Elizabeth Maria Basson, Observatory; Carel Izak v. Wyk, Fraserburg; K. Theron, Bellville; Rachel Cornelia Schelin, Beaufort-Wes; Anna Haywood, Rustenburg; Andries Barend Frederik Grobler, Rada Vorne-Walda.

17 Sept.: Nicolaas Christiaan du Plessis, Merweville; Magder Symington, Sutherland; Willem Els, Stella; Karel Jakobus Coetzee, Wilgenhoutsdrif; Sarah Vos, Worcester; J. Steyn, Bellville; Petrus Steyn, Bethlehem.

18 Sept: Llwellyn Bothman; Paarl; Joan v. Niekerk, Kaapstad; Hendrik C. de Wet, Aughrabies; Joseph Johannes le Roux, Hottentosrivier; Andries D. Steenkamp, Koeisabees; Paul Albertus Kruger, Groblershoop; Karel Petrus v. d. Walt, Beauty; Pieter Johannes Lodewyk Venter, Potsdam; Maria Elizabeth du Plessis, Koster.

19 Sept: Hester le Roux, Stellenbosch; Jacoba v. d. Westhuizen, Kakamas; Samuel Christoffel du Plessis, Merweville; Tilla Dempers, Parow; Marais Olivier, Sutherland; Elsibe Stofberg, Worcester; Anna le Roux, Goudini; Ingrid M. Snoek, Paarl; Elsie Philippina Coetzee, Zastron.

20 Sept.: Christina Bouermeester, Eppingtuindorp; Willem Hanekom, Malmesbury; Mervyn Langeveldt, Woodstock; Heinie Malherbe, Franschhoek; Hugo Möller, Ceres; Henriette M. du Toit, Fouriesburgstasie; Chrissie du Toit, Rustenburg.

## VOEDSEL VIR STALIN

Waar kameraad Stalin met opset geweier het om voorrade aan die Poolse opstandelinge in Warschau te verskaf ondanks die feit dat sy troepe 'n paar myl van die stadsgrense gesit het, onderwyl Britse vliegtuie — met o.a. Afrikaanse personeel — duisende myle ver hulp moes aanbring, doen genl. Smuts nou 'n beroep op die volk om voedsel na Warschau te stuur sodra die Russe die stad „bevry" het. Stalin sal natuurlik dankbaar wees vir hierdie present aan mense wie se plekke sy rooi soldate dan sal ingeneem het.

*Pas verskyn!*

**INLEIDING TOT DIE EKONOMIE**

deur prof. dr. C. G. W. Schumann en dr. D. G. Franzsen
albei van die Universiteit van Stellenbosch.

Grootte: 8½ dm. x 5½ dm, 600 blss., 49 tabelle, 36 diagramme. Linneband.

●

**Prys 19/6. Posgeld 1/- ekstra.**

●

Dit is die eerste handboek oor die ekonomie wat in Afrikaans verskyn. Hier het u 'n baanbrekende werk waarin die hele onderwerp, op Afrikaanse lees geskoei, saaklik en wetenskaplik behandel word.

Vir elke Afrikaner, hetsy sakeman, prokureur, boer of student is hierdie werk van onskatbare waarde.

●

Stuur u bestelling met tjek of poswissel aan

**Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk.**
Posbus 28 - - - - - - Stellenbosch.

**W. VOIGT (Eiens.) Ppk.**
Fabrikante van
**Kelder- en Besproeiings-masjinerie.**
**Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.**

***PLUIMVEE***
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
**C. M. ELOFF EN KIE.**
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

**ONDERSTEUN ! ! ! !**
**Poskantoor Haarkappers**
Kerkstraat 173 - - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

## PARTYPOLITIEK BOER AGTERUIT

Die Burger lewer die volgende realistiese kommentaar oor die uitslag van die tussenverkiesing in Germiston verlede week:

„Ons is nie met die besondere omstandighede van die geval bekend nie, maar op die oog is so 'n uitslag vir die H.N.P. beslis teleurstellend. **In die landsomstandighede van vandag moet elke tussenverkiesing minstens vooruitgang toon, en Germiston doen dit nie . . .** Daar heers dwarsdeur die land toenemende ontevredenheid met die wyse waarop die Smuts-regering alles verbrou. **Maar die feit dat talle kiesers hul vertroue in die Regering verloor, beteken geensins noodwendig dat die ontevredenes hul weg na die H.N.P. sal vind nie.** Ook waar hulle van die Verenigde Party losraak, is hul gemoed deurtrek van V.P.-propagandagif teen die Nasionale Party. **In daardie toestand kan hulle maklik allerlei paddastoel-partytjies ten prooi val,** wat kan lei tot versplintering van die kragte wat van die huidige Regering ontslae wil raak."

(Die verkiesing, wat 'n maand ná dr. Malan se nuwe oorlogsverklaring aan die O.B. plaasgevind het, openbaar 'n agteruitgang van 1,580 stemme vir die Regeringsparty en 813 vir die H.N.P. vergeleke met 7 Julie 1943. —Red.)

## HOE STELLENBOSCH GELDMAAK

Onderstaande berig oor die wyse van geldinsameling deur die vrouekommando van Stellenbosch verklaar gedeeltelik die prestasie van die kommando met O.B.-dag:

Aan Bussiegeld is ingesamel £119-13-1, waarvan twee Brandwagte elkeen £10 byeengebring het. Een familie bestaande uit 3 lede het 601 trippense in hul spaarbotteltjie gehad. Hiermee het hulle weer op die basaar gewoeker deur mense te laat raai hoeveel trippense in hul botteltjie is. Die gelukkige het 'n paar jukskeie ontvang, en die Kindertafel het 15/- ryker geword.

'n Ander familie het hul eie tafel gehad en oor die £23 oorhandig. **Een vark sou geslag word, dog na die oorlogsverklaring van dr. Malan is besluit om nog een van kant te maak.**

**Twee Brandwagte moes 10 myl stap om basaar-toe te kom; hulle is egter opgelaai na 'n 3 myl se stap.**

Een Brandwag het weer soos verlede jaar 'n skildery geskenk wat meer as £9 opgelewer het.

Ons gesamentlike bedsprei het ons Fonds met £7 laat styg.

Ons basaar was 'n geweldige sukses, wat nie slegs gemeet kan word in geld nie, dog veral in die voorarbeid en die dag se harde werk veral agter in die kombuis.

„Een vir almal, en almal vir elkeen!" — (Ingestuur).

## SÊ DIS DIE O.B.

Die volgende verhaal, meegedeel deur 'n geregsdienaar, kan dien om aan te toon hoe dat dit reeds 'n tweede natuur geword het by sommige mense om die blaam vir enige gebeurtenis op die skouers van die O.B. te laai. Dit kan ook dien om aan te toon watter vrugte 'n skuldige gewete dra.

Op 'n goeie oggend het die Polisiekantoor 'n ernstige oproep ontvang om dadelik ondersoek in te stel na 'n klag van 'n boer wat beweer het dat sy „dipbak" deur die Ossewabrandwag opgeblaas is. Die polisie was bewus van die feit dat die klaer vroeër 'n vurige O.B.-lid was, maar sedertdien vyandig geword het. Hulle het nie die klagte met erns opgeneem nie, maar nietemin ondersoek ingestel. Die bevinding was dat 'n hele spul pleister van die mure van die bak afgeval het, en dat dit lankal te wagte was. Van dinamietontploffings was daar geen spoor nie.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS.**